

OOR BOEKE.

Predikante van die Geref. Gemeentes in Suid-Afrika: **Die Kosbare Goud.** Kalvyn-Jubileum-Boekefonds, Potchefstroom, 1942. 275 bl. (8/-).

Dit doen 'n mens werklik goed om hierdie kosbare boek onder die aandag van ons lesers te bring. Dit is een van daardie boeke—en hoe min is hulle in werklikheid!—na die verskyning waarvan 'n mens met verlange uitgesien het. Dit is 'n goeie boek wat lankal moes verskyn het. „Die Kosbare Goud,” waarvan hier 'n eenvoudige verklaring gegee word, is ons „Gereformeerde Geloofsleer.” Ek beskou die werk as 'n eersterangse bydrae tot ons opvoedkundig-godsdienstige literatuur. By die opvoeding van ons jong katkisanter, by die nakatkinsie van ons jeugdige belyders en by die voorligting van ons aanstaande katkiseer- en skoolmeesters sal die boek voortaan 'n ereplek inneem. Een van die waardevolste handleidings vir ons jongmense is juis 'n eenvoudige, betroubare en volledige verklaring van die Gereformeerde Geloofsbelydenis.

Die boek is ontwerp deur Di. J. V. Coetzee en D. N. Kotzé. Van die 60

Geref. predikante het nog nie die helfte aan die samestelling meegewerk nie; van die bekendste oudste predikante en van die jong predikante (na 1934) ontbreek die grootste aantal; selfs die professor in die Kategese het geen bydrae gelewer nie. 'n Boek waarin 'n aantal mense saamwerk, vind sy sin in die feit dat die groots moontlike aantal deelneem.

Die redakteure het min of meer die „Magnalia Dei” van H. Bavinck gevolg maar tog onder die veranderde omstandighede die nadruk anders laat val. Daar word veral aandag gegee aan die Drieënige God en die Kerk van Christus. Die rangskikking lyk my nie orals die beste nie: hoort hoofstukke 12, 19 en 20, en weer hoofstukke 18, 32 en 33 bv. nie bymekaar nie? Daar is verder nogal heelwat oorvleueling, bv. veral in hoofstukke 13 tot 18. Hoofstuk 17 is meer oordenking as uiteensetting.

Die werk is suiwer en heeltmaal betroubaar. Deurgaans is die uiteensetting eenvoudig en verstaanbaar. Hier en daar is daar 'n swak stuk of 'n onduidelike uiteensetting of 'n onnodige omhaal van woorde.

'n Paar tegniese opmerkinge is nie onvanpas nie. Die hoofstukke is nie genommer nie; hier en daar kom steurende drukfoute voor, die letter is baie klein; 'n sakeregister sou die bruikbaarheid verhoog het.

J. CHR. COETZEE.

* * *

Lulu Latsky: **Instink of Verstand.** Nasionale Pers, Bloemfontein, 1942. 106 bl. (3/-).

Dit is nommer 1 van 'n nuwe reeks „Kennis vir Almal.” Die reeks is bedoel as aanvullende leesstof vir skoolgebruik. Die boekies is geen wetenskaplike verhandelinge nie maar ligte leesstof: belangrike feite word op 'n lewendige en interessante wyse onder die aandag van die kinders maar ook van grootmense gebring.

Die werkjie van Dr. Latsky voldoen baie goed aan die eise. Op 'n lewendige, interessante wyse in die vorm van 'n verhaal handel sy oor instink of verstand in die dierelewe.

Op die eerste nommer volg 'n vertelling deur J. F. Jacobs oor **Die Grikwas en hul Bure** (groot 118 bl., prys 3/-) en 'n skitterende skets deur Dr. R. S. Verster **Roep die Dokter** (groot 68 bl., prys 3/).

J. CHR. C.

* * *

Ds. G. J. du Plessis: **Die Kind in die Middell.** C.S.V., Stellenbosch, 1942. 124 bl. (2/9).

Dit bevat 'n dertigtal kort „Opvoedkundige Oordenkings vir Huisgesin, Kerk en Skool.” Die oordenkings is in die vorm van kort, gepaste prekië deur 'n ervare leraar met baie goeie insig in die kinderlewe. Ons kan die lesing sterk aanbeveel by ouers.

J. CHR. C.

* * *

Skalk Liebenberg: **Die Dromer en ander Bybelverhale**, C.S.V. Stellenbosch, 167 bl. s.j. en s.p.

Mnr. Liebenberg, bestuurder van die Johannesburgse tak van die C.S.V., vertel hier die geskiedenis van Josef taamlik breedvoerig en lewendig (bl. 135). Daarna volg verhale oor Moses, David, Daniel, e.a. en veral oor die Here Jesus. Dit is geskik vir kinders bo tien, wat die verhale met gemak en vrag kan lees.

J. CHR. C.

* * *

Moloisi die Wyse deur G. H. Franz, Nas. Pers, Bpk., Kaapstad. (Prys 5/9 posvry).

Temidde van die stroom van boeke waarmee ons nog steeds oorstelp word—hoofsaaklik lektuur of pogings tot sielkundige ontleding sonder diepere skouing—kom hierdie beskeie werkjie as 'n ware verfrissing.

Die skrywer wat sendelingseun en inspekteur van natuurle-ondewys is, sit die rigting van P. J. Schoeman voort en dring deur tot die Bantoe se mentaliteit en lewe soos nog geen enkele Afrikaanse skrywer voor hom nie. Hy gee ons egter nie as veelweter of geleerde lesinkies oor sy stof, met hier en daar so'n bietjie welmenende moralisering nie. Die mooie en suiwere van hierdie boek is geleë in die opset en in die goed volgehoue uitvoering daarvan.

'n Jong student, vol boekegeleerdheid en idealisme, kom hom verder bekwaam vir sy werk onder leiding van 'n ervare ou sendeling in Basoetoland. Hierdie leermeester vat sy taak as volg op: “Al wat ek kan doen, is om vir jou, deur lesse in die taal en deur jou bekend te stel aan die volk, die hek oop te sluit na daardie pragtige tuin van die Basotho-volkslewe, materieel sowel as geestelik.” As die jong man koers gekry het met die taal, stel hy hom voor aan die ou Moloisi, wat die Christendom en sy leer ken maar tog nie Christen word nie. Die boek bestaan uit verhale van

en gesprekke met hierdie wyse ou „vader,” iemand van wysheid en geestige mensekennis. Sodoende maak ons kennis met die Basoetoe self, sy denkwyse, sy geloof en byge-loof, en dit regstreeks in die tipiese idioom, beeldryke taal en wendinge van daardie volk. Franz wend dit nie aan as 'n maklike styltruuk nie maar as die noodwendige uitdrukkingsmid-del van Moloisi as hy praat oor die dinge van sy volk.

Ek beskou hierdie boek as belang-rike werk wat ons inlei tot die lewe van die miljoene inwoners van ons land aan wie ons lot verbonde is. Vir ons kuns kan dit 'n stimulus wees tot nuwe, diepere verwerking van 'n be-langrike en vrugbare motief.

G. DEKKER.

* * *

Kuns en Kunswaardering deur A. C. Bouman. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1942. (Prys 6/6).

In hierdie werkie het die skrywer van die bekende „Kuns in Suid-Afrika” 'n aantal opstelle gebundel waarvan die meeste reeds vroeër in tydskrifte verskyn het. Dit is met 'n didaktiese doel populêr geskrywe en kan ongetwyfeld veel daartoe bydra om die leser vir wie dit bedoel is, se liefde vir kuns te versterk en sy insig te verhelder. Daar is op die oomblik 'n duidelike drang na meer kennis van hierdie onderwerp onder ons jonger geslag te bespeur, en die verskillende onderwysdepartemente moedig dit ook aan.

Wel sou mens graag meer eenheid, meer samehang in hierdie boek ge-sien het—in die werk as geheel en in die afsonderlike opstelle wat oor die algemeen te min geword het die be-ligting van een belangrike aspek of verskynsel, te veel gebly het 'n aantal, op sigself dikwels leersame en insig-gewende, opmerkinge in al te losse verband. Die gevolg is dat hulle nie deurtastend genoeg is nie. So sou

mens in die eerste opstel bv. die ver-houding tussen vorm en ontroering graag duideliker en meer prinsipieel gestel sien, hoewel bl. 24 'n mooi op-merking oor ritme en innerlike vorm bevat. Ook die funksie en die aard van die kritiek kom nouliks tot hulle reg hier. So sou ook 'n diepergaande bespreking van die drie rigtings rea-lisme, impressionisme en ekspres-sionisme, liefs aan die hand van 'n paar duidelike voorbeelde, veel meer verhelderend kon gewees het. Die ontstaan van hierdie stukke as tyd-skrifbydraes laat hom hierin duidelik geld. Ook in die mate van herhaling wat in verskillende stukke voorkom.

Agterin kom 'n aantal vry goed geslaagde en goed gekose reproduksies voor. Hoe onmisbaar dergelike repro-duksies vir 'n werk van hierdie aard is, blyk veral uit die hoofstuk „Drie belangwekkende Kunstenaars,” wat deur die afwesigheid daarvan weinig waarde het vir die tallose lesers wat nie dit tentoonstelling in Kaapstad of Stellenbosch kon bywoon nie.

G. DEKKER.

* * *

Vir die Binnekamer. Deur J. R. Miller D.D. In Afrikaans oorgesit deur ds. P. J. Marais. Verkrygbaar by die C.S.V. Boekhandel (Posbus 25, Stellenbosch en Posbus 8459, Johannes-burg); 373 bladsye, 6/3 posvry.

Die boek gee „daaglikse oordenkinge” uit die lewe van Christus.” Soos op die los omslag verklaar word, is die stukkies „eerder prakties en verma-nend as eksegeties of verklarend.” Ons het die oordenkinge met genot gelees, al was dit nie altyd met instemming nie. Die werk doen onge-twyfeld fris aan en werp op menige teks 'n nuwe lig.

Armageddon. Deur Joh. de Heer (vertaal deur dr. D. R. Snyman). Verkrygbaar by die C.S.V. Boekhan-del; 128 bladsye; 2/6 posvry.

Mnr. de Heer is nie 'n teoloog van professie nie, maar 'n uitnemende Skrifkenner, alhoewel ons sy eksegeese nie altyd kan onderskryf nie. Die boek is 'n tipiese voorbeeld van dié tipe van Skrifverklaring wat die gehele profesie letterlik verklaar en 'n herstel van die Joodse volk in Palestina aanvaar, sodat die slag van Armageddon dan ook letterlik in die Heilige Land (Megiddo) afspeel. Vir diegene wat met die Chiliasties getinte Skrifverklaring wil kennismaak, sal die pennevrug van mnr. de Heer interessante leesstof bied.

Die Nagmaalstafel. 'n Hulp om die Heilige Nagmaal reg te vier. Oordenkings vir twee weke. Deur dr. Andrew Murray, vertaal deur F. J. Liebenberg. Vierde druk (tweede Afrikaanse uitgawe). Verkrygbaar by dieselfde firma as die vorige boeke. 128 bladsye, 1/6 posvry).

Na aanleiding van die Nagmaalsformulier word die leser stap vir stap vir 'n week lank in sy voorbereiding gelei en daarna gewys op die seëninge van die verbondsdis. Wie bekend is met die werke van dr. Andrew Murray weet min of meer wat die grondtoon en strekking van die boek sal wees.

Strome van Lewende Water. Deur Ruth Paxson (vertaal deur F. J. Liebenberg). 82 bladsye, 1/9 posvry (C.S.V. Boekhandel). Vyfde druk.

Die vertaler spreek die bede uit dat die boekie daartoe mag bydra om die „heiligheidsherlewing” te verhaas. Ons bewonder die ondernemingsgees van die C.S.V. met hul talle van publikasies, maar wil tog daarop wys dat die beoogde herlewing nie sal kom voordat grondige reformatie ter hand geneem is nie, en daarvoor kan alleen die rasegte Gereformeerde leer diens doen. Waarom nie die mark oorstrom met egte pitkos nie?

By die Krankbed. Deur ds. P. J. du Plessis. 64 bladsye. Verkrygbaar by C.S.V. Boekhandel. 1/3 posvry.

'n Baie nuttige boekie vir gebruik by siekes.

Alleen in Afrika. Deur Madame Mathilde Keck Goy (vertaal uit Engels). Ook by C.S.V. Boekhandel. 64 bladsye. 1/3 posvry.

Die verhaal van die stryd van 'n sendeling in die wildernisse van Afrika. Die verhaal is gedurende die Engelse oorlog deur ds. A. F. Louw aan die krygsgevangenes van Deadwoodkamp, Sint Helene, voorgelees en het groot belangstelling gewek. Om hierdie rede is dit nou in Afrikaans vertaal.

S. DU TOIT.

* * *